



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2014**

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

AFDELING A: Opstel (50)

AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (25 x 2) (50)

Jy word sterk aanbeveel om 80 minute aan AFDELING A en 70 minute aan AFDELING B te bestee.

2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A.
3. Beantwoord TWEE vrae uit AFDELING B.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.
7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif.
- LET WEL:** Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 Dié risiko was die moeite werd. **[50]**

**OF**

1.2 Moet Afrikaanssprekende ouers hul kinders in Engels grootmaak? **[50]**

**OF**

1.3 My vrese vir die lewe ná skool. **[50]**

**OF**

1.4 Dít sal ek van my skoolloopbaan onthou. **[50]**

**OF**

1.5 Sprei jou vlerke. **[50]**

**OF**

1.6 1.6.1



[Bron: Internet] **[50]**

**OF**

1.6.2

[Bron: [www.dreamstime.com](http://www.dreamstime.com)]

[50]

OF

1.6.3



[Bron: Internet]

[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE****VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf skryfstukke van 180–200 woorde elk.

**2.1 BEDANKINGSBRIEF**

Jy staan aan die einde van jou skoolloopbaan en kyk terug na die dinge wat jou ouers vir jou oor die jare gedoen het.

Skryf 'n BEDANKINGSBRIEF aan hulle vir die opoffering oor die afgelope jare. [25]

**OF**

**2.2 FORMELE VERSLAG**

Jy en jou vriende het 'n plaaslike kultuurfees bygewoon. Op pad terug huis toe was jy ooggetuie van 'n grusame motorongeluk.

Skryf 'n FORMELE VERSLAG vir die plaaslike polisie van dié gebeure. [25]

**OF**

**2.3 HULDEBLYK**

Die redakteur van julle skoolkoerant het jou, as bekende oudleerder van jou skool, gevra om 'n huldeblyk te skryf oor die skoolhoof wat na 30 jaar uit die onderwys tree.

Skryf die HULDEBLYK oor die skoolhoof wat jy gaan lewer. [25]

**OF**

**2.4 BRIEF AAN DIE PERS**

Jou skool is in 'n koerantberig gekritiseer oor 'n voorval wat na bewering op die skoolterrein plaasgevind het.

Skryf 'n brief aan jul plaaslike koerant om aan die koerantlesers die ware toedrag van sake te verduidelik of om jou skool se kant van die saak aan die leserspubliek te stel. [25]

**OF**

**2.5 KOERANTBERIG**

Bestudeer die volgende koerantopskrifte en skryf 'n KOERANTBERIG oor EEN van hierdie opskrifte.

*Paarlse tieners vandag begrawe na busongeluk*

**Hordes ruk op na fees**

**Wonderlike matriek uit siellose plakkerskrotte**

**Wêreldberoemde sportheld kom tot 'n val** [25]

OF

**2.6 ONDERHOUD**

Een van jou klasmaats is 'n finalis vir "Matrikulant van die Jaar" vir *JIP*. Jy nader hom/haar vir 'n onderhoud vir die skoolkoerant.

Skryf die onderhoud neer. [25]

**TOTAAL AFDELING B: 50**  
**GROOTTOTAAL: 100**

